



# Onthou

{Ruan Mocke}

# Die opstanding

1EN baie vroeg in die môre, op die eerste dag
van die week, het hulle en ander saam met
hulle by die graf gekom en die speserye
gebring wat deur hulle toeberei was. 2En hulle
het die steen van die graf afgerol gevind. 3En
toe hulle ingaan, het hulle nie die liggaam van
die Here Jesus gekry nie. 4En terwyl hulle
hieroor in verleentheid was, staan daar twee
manne by hulle in blink klere.

# Die opstanding

5En toe hulle baie bevrees word en met hulle aangesigte na die aarde buig, sê die manne vir hulle: Waarom soek julle die Lewende by die dooies?

## Die opstanding

6Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan.
Onthou hoe Hy vir julle gesê het toe Hy nog in
Galiléa was: 7Die Seun van die mens moet
oorgelewer word in die hande van sondige
mense en gekruisig word en op die derde dag
opstaan. 8En hulle het sy woorde onthou.

# Ontou

- Die vermoe om iets tot die gedagte te bring vanuit die verlede

- Om iets te doen wat jy onderneem het om te doen

# Lukas 24

19En Hy sê vir hulle: Watter dinge? En
hulle antwoord Hom: Die dinge
aangaande Jesus, die Nasaréner, wat ’n
profeet was, kragtig in werk en woord voor
God en die hele volk;
20en hoe ons owerpriesters en owerstes
Hom oorgelewer het tot die doodstraf en
Hom gekruisig het.

# Lukas 24

21En ons het gehoop dat dit Hy was wat
Israel sou verlos; maar nou is dit vandag,
met dit alles, die derde dag vandat dit
plaasgevind het.

22Maar sommige vroue uit ons het ons
ook ontstel nadat hulle vroeg by die graf
was; 23en toe hulle sy liggaam nie kry
nie, het hulle gekom en gesê dat hulle
ook'n gesig gesien het van engele wat sê
dat Hy lewe. 24En sommige van die wat
saam met ons was, het na die graf gegaan
en dit net so gevind soos die vroue ook
gesê het; maar Hom het hulle nie gesien
nie.

25En Hy sê vir hulle: o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! 26 Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in Sy heerlikheid ingaan nie?

# Heerlikheid ingaan

- lofprysing en eerbaarheid bestee deur algemene samesyn
- die prag van die Hemel
- Toestand van skoonheid en skitter.

# Lukas 24

36 EN terwyl hulle hieroor praat, staan
Jesus self in hul midde en sê vir hulle:
Vrede vir julle!
37Toe het hulle verskrik en baie bang
geword en gemeen dat hulle ’n gees sien.
38En Hy sê vir hulle: Waarom is julle
ontsteld en waarom kom daar twyfel in
julle hart op?

# Vrede

- om nie oorlog te voer nie

- ‘n Toestand van wedersydse harmonie tussen mense en groepe wat persoonlike verhoudings het

- Gedagte wat vry is van ergenis, afleiding, angs en obsessies

# Lukas 24

39Kyk na my hande en my voete, want dit
is Ek self. Voel aan My en kyk; want 'n gees
het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek
het nie. 46En Hy sê vir hulle: So is dit
geskrywe, en so moes die Christus ly en op
die derde dag uit die dode opstaan,
47en bekering en vergewing van sondes in
sy Naam verkondig word aan al die nasies,
van Jerusalem af en verder.

# Lukas 24

48En julle is getuies van hierdie dinge.
49En kyk, Ek stuur die belofte van my
Vader op julle. Maar julle moet in die stad
Jerusalem bly totdat julle toegerus is met
krag uit die hoogte.

# Die hemelvaart

50EN Hy het hulle uitgelei tot by Betánië.
En Hy het sy hande opgehef en hulle
geseën. 51En terwyl Hy hulle seën, het Hy
van hulle geskei en is in die hemel
opgeneem. 52En hulle het Hom aanbid en
na Jerusalem teruggegaan met groot
blydskap. 53En hulle was gedurig in die
tempel en het God geprys en gedank.
Amen.